Hoe om sosiale media te oorleef

Graad 8 tot 12

Sosiale media
Ons digitale era: Hoe oorleef jy die internet en sosiale media.

Doel
Bemagtig jouself deur die slaggate te vermy met die korrekte leiding en advies en wees 'n weerbare en oplettende tiener.
Hoe gebruik jy WhatsApp, Instagram, Facebook en Snapchat veilig?

Onderwerp: Sosiale media

Stappe

WhatsApp

1. Gebruik WhatsApp vir veilige kommunikasie met individue asook groepe, want die inhoud van jou boodskap word nêrens gestoor en geberg nie. Laasgenoemde verwys na WhatsApp se end-tot-end-enkripsie wat op 2 April 2016 bekend gestel is.
2. Laai WhatsApp af deur jou slimfoon se App-winkel te gebruik.

Instagram

1. Gebruik Instagram vir plasing van foto's; dit is dus visuele boodskappe wat min of bykans geen geskrewe inligting bevat nie.
2. Gebruik privaat Instagram-rekenings, daardeur beveilig jy jouself teen kuberboelies.

Facebook

1. Gebruik Facebook vir plasing van inligting en foto's.
2. Laai Facebook af deur na jou slimfoon se App-winkel te gebruik.

Snapchat

1. Gebruik Snapchat om inligting te skep, stoor, stuur en berg. Eienaarskap is wel gevestig in die persoon wie dit skep, maar Snapchat stoor dit verewig en regoor die wêreld. Snapchat kan dit verkoop en die lisensie kan aan derde partye oordra sonder jou toestemming.

Wenke

WhatsApp

- Onthou elke boodskap word vir dertig (30) dae op die bediener gehou, indien die boodskap nie dadelik afgelewer is nie.
- Deaktiveer "read receipts" en "last seen" vir die beskerming van jou eie privaatheid.

Snapchat

- Pornografie, privaatheidskending, dreigemente en selfskending word nie geduld nie.
- Rapporteer onvanpaste inhoud soos laster (Crimen injuria), haatspraak en rassistiese taalgebruik.
- Gebruik die regte privaatheidverstelling soos "Just friends" en nie "Everyone" nie.

Facebook

- Sorg vir sterk wagwoord en privaatheidverstellings soos "Only Friends".
- Sorg dat persone wie jou wil merk (tag) op ’n plasing eers jou toestemming moet vra alvorens dit op jou tydlyn geplaas word.
- Indien ’n persoon ’n foto wil gebruik en jou daarin wil merk wat jy nie wil deel nie, moenie dit bloot "hide" nie, kontak eerder die persoon en versoek dat dit verwyder moet word.
- Moenie privaat inligting soos jou ouderdom, geboortedatum en naam van skool deel nie.

Algemene wenke

- Maak seker dat jy weet met wie jy praat. Indien die selfoon, telefoonnommer of die profiel van die persoon op Facebook of Instagram nie duidelik is nie, vra dit volgende vraag: "Wie is dit?"
- Stel jou verstelling dat slegs jou vriende jou profiel en persoonlike inligting kan sien.
- Blok persone wie nie hulle identiteit wil openbaar maak nie of vaag is oor hulle identiteit.
- Gemorspos, skelmstreke en “phishing” moet vermy word. Dit is herkenbaar deur boodskappe of woorde soos: "I’m from Whatsapp please verify your details by clicking on this link." Blok sulke boodskappe en rapporteer dit as gemorspos.
- Vermy haatspraak, rassistiese kommentaar asook onvanpaste of eksplisiete (kaal) foto’s, want dit kan jou sosialemediagebruik verkort en jou in die hof laat beland! Pasop, want wangebruik kan jou duur te staan kom!

Waarskuwings

1. Facebook, WhatsApp en Instagram: Ouderdomsperk vir gebruik is 13 jaar.
2. **Kriminele oortredings**
   2.1 Voorbeeld: Crimen injuria (skeltaal, belediging, laster)
   2.2 Gevolge: Skuldigbevinding met kriminele rekord
3. **Siviele oortredings**
   3.1 Voorbeelde: Naamskending, kopieregskending, skending van privaatheid, ens.
   3.2 Gevolg: Finansiële verlies as gevolg van hofbevele.
   3.3 In Suid-Afrika kan ’n kind in sy eie naam gedagvaar word vanaf ouderdom sewe (7) jaar en die hofstukke sal na ouers/voogde gestuur word.
4. **Terminologie**
   4.1 Publikasie
   Publikasie beteken enigiets wat selfs aan een persoon beskikbaar gestel word hetsy skriftelik, verbaal of andersins.
   4.2 Publikasieketting
   Enige persoon wie deel van die publikasieketting is, is net so aanspreeklik soos die persoon wie dit oorspronklik geskep het.
   Vermy om nadelige inligting te hertwiet, sulke inhoud te deel, die versuim om slegte kommentaar te verwyder en deel van ’n WhatsApp-groep te wees wat sulke nadelige inligting versprei.
   4.3 Vryheid van spraak
   Artikel 16, Wet 93 van 1996 (Suid-Afrikaanse Grondwet) waarborg jou reg op vryheid van uitdrukking. Vryheid van spraak is nie ’n absolute reg nie. Neem kennis van die beperking op jou regte ingevolge artikel 36, wet 93 van 1996. Jou reg op vryheid van uitdrukking moet opgeweeg word teen ander mense se reg op reputasie, menswaardigheid, privaatheid en gelykheid.

Bronne

1. Sadler, Emma & Harrison, L. 2017. *Selfies, seksklets en slimfone*. Pretoria: Lapa.
2. Suid-Afrikaanse Grondwet, Wet 93 van 1996

Digitaal

1. WhatsApp: https://help.instagram.com: inligting oor privaatheid en privaatheids- verstelllings.
2. www.justice.gov.za
3. https://www.youtube.com/watch?v=HO_oyO-WwlY
4. https://www.youtube.com/watch?v=6qw0L0Pv12w